# Kraggakamma Gemeente Kuberkamma

8 September 2019

**Psalm 145 vers 18 & 19**

*"Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep.*
*Aan die wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra, Hy hoor as hulle om hulp roep, en red hulle."*

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.]

## Program vir die Dag

08h30 Eietydse diens in die saal
09h45 Kategese
10h00 Klassieke diens in die saal
Die deurdankoffer gaan vir Wêreldsending

## Program vir die Week

| | | |
|---|---|---|
| 9 September | 12h45 | Gebedskild in gebedskamer |
| 10 September | 19h00 | Leef@Kerk |
| 11 September | 18h00 | Dagbestuur |
| 13 September | 05h00 | Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68 |
| | 17h30 | Hamburger (R25 elk) en Cheesegriller rolle (R20 elk) te koop. Kontak die kerkkantoor om jou bestelling te plaas. |




[Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.]

## Nuusbrokkies

**Sake vir gebed**

Bid vir almal wat betrokke is by wêreldsending. In die gemeente ondersteun ons **Gospel for Asia**, **There4-bedieninge** en **Radio Feba**. Volg die skakels na die onderskeie webwerwe om meer oor hulle te lees.
***Lees asseblief biddend*** die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

**There4-Bedieninge:** Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Nepal:
Bid saam met gelowiges in Nepal wat vervolging vanaf hulle families en die gemeenskap ervaar. Bid dat hulle sterk sal staan. ***Foto***

## Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 8 September | Cara-Mari Botha, Schalk Burger, Werner Grobler, Norah Heunis, Tania Jordaan, Retha Lane, Livia van Niekerk en Charlotte Vermaak |
| 9 September | Eduard Adendorf, Abigail Appelgryn, Konrad Buchner, Cronjé de Vin, Annatjie Vivier |
| 10 September | Frances Seporta, Christo van Rooyen en Marius Visagie |
| 11 September | Johan Barkhuizen, Joan Crous, Chimene Landman, Emily Noble, Estelle van den Berg en Pieter v Heerden |
| 12 September | Bertie Moore en Saret van Huyssteen |
| 13 September | Alet Bosch, Ruan de Lange, Nicky Esterhuyse, Rina McCabe, Malan Meiring, Martie Myburgh en Jane Scheepers |
| 14 September | Wayne Delport, Yvette Erasmus en Lindi Grobler |




## Padkos

**Ek val nooit ver genoeg om nie weer elke dag op te staan nie**

Die woorde van die bekende prediker, D. L. Moody, bly my altyd by: "I am only one, but I am one. I cannot do everything, but I can do something. And that which I can do, by the grace of God I will do." My "superkragte" is nie om deur die lug te vlieg nie. Of om vinniger as lig te hardloop nie. Ek kan nie kits-wonderwerke produseer nie, of gebede bid wat die aarde laat bewe en mense laat neerslaan nie. Eintlik wil ek maar net daardie paar dinge met integriteit doen, dit wat ek self vir die Here moet doen. Dit is om my geloof in Christus konsekwent uit te leef en om ander mense met my talente te dien. Partykeer gebeur dit sukkelend. Die goeie wat ek wil doen, kry ek nie aldag gedoen nie. Tog jaag ek saam met Paulus die Here se volmaaktheid en heiligheid na met alles in my. Ek struikel soms oor my woorde. Ek slaan neer oor my onbeholpenheid. Partykeer laat ek die Here en ander mense in die steek. Maar deur Sy genade staan ek weer op. Want ek kan elke dag iets spesiaal vir die Here doen. En ek sal ook!
[Goeie Nuus deur Stephan Joubert http://www.ekerk.org/]

## Kubergroete tot volgende keer

[2019-07-28]

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com